

Republikein

Jou land. Jou taal. Jou koerant.

Man vas oor twee skilpaaie

16 April 2020 | [Misdaad](#)

000

Wildmisdaad het tydens die Covid-19-hoktyd afgeneem met net een saak aangemeld en twee Namibiese mans wat in hegtenis geneem is.

Volgens die weeklikse wildmisdaadverslag is mnr. Jason Hamutanya verlede Dinsdag op Usakos glo met twee lewende skilpaaie in sy besit vasgetrek.

Die ander vermeende wildmisdadiger, mnr. Matias Kaurikengererua is verlede Woensdag by Osire in verband met die sameswering om 'n renoster te stroop, in hegtenis geneem.